

## **Tema: Die dal van verstoting word deur van hoop**

**Voorlesing: Hosea 2:1-22**

**Teks: Hosea 2:14**

*“Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte poort na nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het.”*

As jy hoor man sê vir sy kinders: “gaan baklei met julle ma”, “sy is prostituut”. “julle is nie my kinders nie”! En as jy hoor die vrou sê vir haar man: “ja baas”, “goed baas”, “reg baas”, dan weet jy sommer dadelik: Hierdie huweliksbootjie het op die rotse gestrand; hierdie gesin het dit nie gemaak nie.

**God se huweliksbootjie met die volk Israel en haar kinders** het sommer vroeg in die land Kanaän so amper op die rotse beland. Pas na die wittebrood-oorwinning oor die stad Jerigo was daar die neerlaag teen die stadjie Ai (sien Josua 7). Die volk se moed was sommer gebreek, maar in die dal van Akor (dal van verstoting/beproewing) is die saak reggestel. Deur Akan se dood word die volk gereinig van sonde.

**Eeue later (in die tyd van die profeet Hosea)** het die verhouding tussen die HERE en sy volk egter só versleg dat dit nie weer so maklik reggestel kon word nie. Die profeet moet in opdrag van die HERE met sy eie huwelik en preke die volk konfronteer met hoé sleg dit gaan. **Die HERE en Juda/Israel is soos man en vrou wie se huwelik totaal verval het.** Hy beleef Juda as vrou wat baie minnaars het en haar minnaars bo Hom verkies. Sy beleef Hom as baasspelerige man wat haar net hiet en gebied. Sy minag Hom en Hy verstoot haar. **Kan hierdie “huwelik” gered word?**

**Die HERE het die antwoord. Reg sal geskied.** Dit gaan weer soos in “die dal van Akor” wees. **Hulle gaan wel swaarkry en verwerping ervaar, maar daar is juis in die dal van swaarkry en verstoting by God altyd deur van hoop: sy ontferming, liefde en trou.**

Omdat Hy Israel so liefhet sal Hy haar weer van voor af die hof maak soos destyds in die woestyn toe sy so agter Hom aangeloop het. Die deur van hoop wat hy hierdie keer vir haar gaan gee sal ewig en blywend wees. Sy

sal Hom nooit weet “baas!” noem nie, maar “my man!”. En vir Hom sal Israel altyd “my volk!” bly.

**Hierdie deur van hoop het vir Israel en vir ons blywend oopgegaan deur Jesus Christus. Anders as Akan was Jesus volkome gehoorsaam aan die wil van God; nogtans moes Hy soos Akan met sy lewe boet, sodat ons (die skuldiges) kan voortgaan om die koninkryk van God in te gaan. En dit geld nie net vir ons (gelowiges uit die heidendom) nie, maar ook vir hulle wat nog vashou aan slegs die Ou Verbond.**

**Toepassing:**

- Watter hoop is daar vir die verval wat tans in die kerk plaasvind?
- Watter hoop is daar as ons verval en agteruitgang in ons persoonlike verhouding met die Here beleef?
- Watter hoop is daar as ons huwelike en ander verhoudings dreig om op die rotse te beland?
- Hoe belangrik is die manier hoe ons mekaar aanspreek?
- Verstaan ons die liefdestaal van God reg?